# HISTORIKUS VAN EN VIR DIE AFRIKANER
*(Prof. G.D. Scholtz 70 jaar)*

**Prof. F.A. van Jaarsveld**
*Universiteit van Pretoria*

## I

Die mees produktiewe Afrikanerhistorikus kan op 15 Augustus 1975 terugkyk op 'n lang en vrugbare lewe van bemoeienis met die geskiedenis, nie net van sy vaderland nie, maar ook van die Weste en Ooste, m.a.w. die wêreldgeskiedenis. Hy is waarskynlik die mees belese historikus van sy tyd in ons land. Sy produktiwiteit het toegeneem namate hy gevorder het in jare. Na sy uittrede uit die joernalistiek kon hy hom tuis wy aan lees en skrywe en opmaak vir die "verlore jare" waarin sy kennis ook uitdrukking gevind het in die vorm van koerantartikels — "eendagsvlieë" soos hy dit self noem — hoofartikels en die vaste rubriek wat Scholtz vir meer as dertig jaar vyf dae per week behartig het, nl. "Sake van die Dag". Naas wetenskaplike artikels in tydskrifte of koerante en brosjures oor belangrike temas het hy monografieë geskrywe, die historiese biografie beoefen en reekswerke die lig laat sien, waaraan hy nog besig is.

Naas suiwer historiese temas het hy aspekte van die staatswetenskap en die internasionale politiek behandel en daarby ook aktuele temas van didaktiese aard waardeur hy sy volk wou leer dink en vorm met die oog op die toekoms, juis omdat dié hom, ná 1945, in 'n veranderde wêreld bevind het. Dr. Scholtz was nie "akademiese historikus" in die sin van die beoefening van die geskiedenis aan 'n universiteit nie. Hy het uit die lewe self voortgebou en sy vak beoefen in sy vrye tyd, waaruit werk ontstaan het wat wyd deur die universiteite gebruik is. Sy verbintenis met die akademiese lewe was dié van ere-professor in die joernalistiek en geskiedenis. Daar is politici en kultuurleiers wat hulle toesprake en insigte soms sonder erkenning van die bron, op Scholtz se werk gebaseer het; hy het advies gegee aan volksleiers en betrokke geraak by die politieke denkrigtings van sy tyd, soms tot ondersteuning daarvan, soms in opposisie daarteen. Sy geskrifte het aanknopingspunte verleen aan studente in die geskiedenis. Hy het nuwe vore geploeg en die weg vir baie aangedui, ook op die terrein van die eietydse geskiedenis.

Dit is die bedoeling met hierdie artikel om enkele persoonlike besonderhede oor die lewe van G.D. Scholtz te verstrek en nie om in hierdie stadium 'n evaluasie van sy werk aan te bied nie, aangesien dit nog aan die gang is. Dit moet oorgelaat word aan die toekomstige historici om sy werk, sy denke en die invloed op sy tyd te beoordeel, te ontleed en te bepaal. En dié sal nie gering wees nie.

Gert Daniel Scholtz is op 15 Augustus 1905 gebore. Die dag en maand is ook die geboortedag van Napoleon, iets wat hom van kleins af gelukkig gestem het. Die plek van geboorte is Philipstown, Kaapkolonie, waar hy ook gedoop is. Sy vader was David Johannes Philippus Scholtz, gebore op 15 Februarie 1875. Sy grootvader was 'n jonger broer van die bekende P.E. Scholtz

wat 'n rol as o.a. kommandant in die vroeë Transvaalse wesgrens gespeel het. Sy moeder was Rensche Susanna Coetzee, gebore op 12 Januarie 1881 en oorlede op 19 Oktober 1822. Vir sy vader en moeder het hy groot verering gehad. Sy vader het in Januarie 1910 na Ventersburg, Oranje-Vrystaat, verhuis waar hy die beroep van prokureur beoefen het tot 1950, toe hy daar afgetree en bly woon het tot met sy dood op 18 Februarie 1965. Scholtz het sy jeugjare op die Ventersburgse laer- en hoërskool deurgebring. Op jeugdige leeftyd het hy oogmoeilikheid gekry as gevolg van koors en kon hy sy skoolloopbaan eers op 9-jarige leeftyd begin. Hy was feitlik blind in die linkeroog en moes van sy vierde jaar bril dra. Al om die ses maande het hy vir behandeling na Johannesburg gegaan, egter sonder sukses. Hy het op 15-jarige leeftyd twee oogoperasies ondergaan en 'n derde op 24 jaar, sonder dat hy die gebruik van sy swak oog kon herwin. Deur sy lewe heen het hy sy werk met een oog moes verrig, en dié het hy goed opgepas.

Scholtz was baie lief vir sy moeder wat hy op 17-jarige leeftyd verloor het. Sy vader het hertrou en met die stiefmoeder kon Scholtz nie goed oor die weg kom nie, o.a. omdat sy geglo het dat daar nie geld aan 'n kind vir universiteitsopleiding bestee moet word nie.

Die geboortejaar 1905 was ook van belang. Die jong Scholtz het as Vrystater opgegroei in die skaduwee van die Anglo-Boereoorlog. Sy vader het sterk nasionale gevoelens gekoester. Ook het Scholtz streng godsdienstig grootgeword. Sy vader het 'n groot invloed op hom gehad. Hy het op 5 of 6 koerante ingeteken en Gert Daniel het op 'n vroeë ouderdom hom verlustig in koerantlees. Ook het sy vader 'n biblioteek gehad, iets wat op skool ontbreek het. Hy was vier maande op skool toe die Eerste Wêreldoorlog uitbreek. Hy het sy pa daaroor uitgevra, maar dié het hom aangeraai om die gebeure self uit die koerante te volg. Die verloop van die oorlog het sy belangstelling geweldig geprikkel. Hy onthou nog dat hy gelees het hoe die Duitsers Antwerpen op 9 Oktober 1914 ingeneem het. Hy het die ontwikkelinge op al die fronte gevolg en die beeld van die oorlog het duidelik in sy geheue geprent gestaan. Scholtz is bekend vir sy ystere geheue, iets wat hom vir sy latere loopbaan as joernalis en historikus baie werd was. Oor sy geheue bestaan daar baie verhale, o.a. dat hy in die getuiebank na artikels uit sy koerant van 'n paar jare tevore, opskrif, bladsy en datum van verskyning alles korrek kon noem sonder naslaanwerk vooraf. Wat ook nog 'n geweldige indruk op die gemoed van die kind Scholtz gemaak het, was die persoonlike aanskoue gedurende die Rebellie in 1914 hoe een Afrikaner 'n ander Afrikaner in Ventersburg doodskiet. Die aanraking in sy jeug met historiese gebeurtenisse en die gesprekke in sy ouerhuis oor die Anglo-Boereoorlog het by hom 'n belangstelling en liefde laat ontwikkel vir onder andere die militêre geskiedenis en die strategie, 'n veld waarin hy wyd belese is.

Op skool het Scholtz vinnig gevorder, so vinnig dat hy in die laerskool 'n paar keer sekere standerds gespring het. Op die hoërskool het hy nie veel invloed van sy onderwysers ondergaan nie; hy was te veel van 'n indiwidualis en dié sou hy ook sy hele lewe lank bly. Hy herinner hom egter dat in stds. 7 en 8 hy Engels by 'n onderwyser, Naudé, gekry het en die het klem gelê op helderheid van uitdrukking en suiwerheid van taal wat hom beïnvloed het. In Desember 1923 het Scholtz gematrikuleer.

Hoewel daar nie 'n intellektuele lewe en 'n biblioteek op skool was nie, het die jeugdige Scholtz 'n groot liefde vir lees ontwikkel en geweldig baie uit sy vader se biblioteek gelees. Die eerste geskiedenisboek wat hy gelees het, was Jan van Riebeeck van E.C. Godeé-Molsbergen. Toe was hy 10 jaar oud en in st. 3. Sy onderwys was nog in Nederlands. Op 14-jarige leeftyd het hy *Napoleon* van H.T. Chappius meer as een keer gelees. Hy vertel dat, toe hy later vir die B.A. deur die Universiteit van Suid-Afrika gestudeer het en in sy laaste jaar oor Napoleon moes eksamen doen, maar weens gebrek aan tyd nie geleer het nie, en hy by die intrap in die eksamenkamer vraag 1 onder oë kry nl. om 'n tipiese veldtog van Napoleon te beskryf, hy die slag van Austerlitz aan die hand van 'n kaart kon doen op grond van hierdie boek wat hy as kind 'n paar keer gelees het.

Weens die houding van sy stiefmoeder kon Scholtz nie 'n universiteit besoek nie. Na sy matrikulasie het hy vir 'n jaar lank op werk gewag. In 1925 tree hy in die staatsdiens en gaan werk in die Departement Justisie in die afdeling magistraatshowe. Tot 1926 werk hy in die magistraatskantoor van Senekal waarna hy na Bloemfontein verplaas word, waar hy tot 1929 bly. Van die einde van 1929 tot einde 1930 werk hy in die Johannesburgse magistraatskantore en in 1931 word hy verplaas na Potgietersrust. In 1932 bedank hy die staatsdiens — miskien as gevolg van die voortdurende verplasings en rustelose lewe wat dit meegebring het — en gaan werk in 'n prokureurskantoor in Bloemfontein tot November 1933.

Die aktiewe gees van Scholtz het nie bevrediging in die daaglikse roetine van die staatsdiens gevind nie. In 1925 het hy met private studie vir die B.A. begin en die eksamens deur die Universiteit van Suid-Afrika afgelê. Dit was in 'n stadium toe dié Universiteit nog nie voorlesings oor die pos verstrek het nie en Scholtz moes deur leeswerk self die mas opkom. In 1928 verwerf hy die B.A.-graad met Geskiedenis en Afrikaans-Nederlands as hoofvakke en Staatsleer as 'n byvak, 'n vak waarin hy sy belangstelling deur die jare behou het.

In 1929 skrywe Scholtz in vir die LL.B.-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika wat hy op grond van selfstudie uit voorgeskrewe boeke in 1932 verwerf. Hy het egter nie as advokaat gaan praktiseer nie omdat hy verseg het om die eed aan die Britse koning af te lê. Die regskennis het hom egter goed te staan gekom by die studie van geskiedenis, veral waar dit volkeregtelike aangeleenthede raak. Trouens, dit het hom ook goed te pas gekom by sy verdere studie. In 1932 het hy van rigting verander en vir die M.A. in Geskiedenis ingeskrywe. Omdat sy kantoorure by 'n prokureursfirma hom geen tyd toegelaat het om navorsing vir die dissertasie te doen nie, en met die welwillendheid van dr. A. Kieser en mnr. Mareé, het hy soggens vóórdat hy by sy kantoor met sy dagtaak begin, een uur lank navorsing in die Bloemfonteinse argiefbewaarplek gedoen oor *Die Geskiedenis van die Regspleging in die Oranje-Vrystaat, 1854—1876,* op grond waarvan hy die M.A.-graad in 1934 aan die Universiteit van Suid-Afrika verwerf het. Die dissertasie is sonder studieleier geskrywe en tot vandag toe weet Scholtz nie wie dit geëksamineer het nie. Die studie van 145 bladsye is nooit gepubliseer nie. Hy verklaar egter dat hierdie selfstudie voordelig was vir sy geestelike vorming.

Die idee om in Nederland verder in die geskiedenis te studeer, het

langsamerhand by hom ontstaan. Met gespaarde geld en 'n lening het hy na Europa vertrek waar hy op 16 Desember 1933 in Amsterdam aangekom het. Omdat dié universiteitstad 'n kultuursentrum is, het hy hom vir die doktorale graad in die geskiedenis by die Gemeentelike Universiteit ingeskryf en onder prof. H. Brugmans in die moderne geskiedenis gestudeer. Sy byvakke was kuns- en ekonomiese geskiedenis. Hy vertel dat, toe hy die bekende Nederlandse historikus gaan vra het welke voorgeskrewe boeke hy moes bestudeer, dié hom enigsins verbaas aangekyk en hom toe na die biblioteek verwys het waarin daar sowat 40 000 boeke oor sy tydvak berus. Sy selfstudie in Suid-Afrika het hom goed te pas gekom. Hy het sy eie weg gevind en baie wyd gelees. In Amsterdam het hy in die A.M.V.J. tuisgegaan en Hollands vlot leer praat en skryf. Ook het hy Duits en Frans aangeleer.

Scholtz het van die geleentheid gebruik gemaak om gedurende vakansietye soveel moontlik met sy beperkte fondse te reis. Hy was een keer na Engeland waar hy koerante i.v.m. die Anglo-Boereoorlog in die British Museum deurgewerk het. Hy het Duitsland twee keer besoek en in die Ryksargief te Potsdam 'n studie gemaak van die verhoudinge tussen Duitsland en die Boere. Die eerste besoek was op 27 Maart 1934 en die tweede in 1935. Hy het Berlyn op 14 Desember 1935 verlaat op 'n tydstip toe die groot Duitse historikus, Meinecke, deur Hitler in die pad gesteek is. Vir Meinecke koester hy groot eerbied. Scholtz het ook 'n studie gemaak van die houding van die Europese regerings en volke gedurende die Anglo-Boereoorlog. Hy is van oordeel dat sy studie in Europa breedte en diepte aan sy kennis van die Suid-Afrikaanse en Algemene geskiedenis verleen het en beter perspektief op eersgenoemde wat hy later in die breër verband van die wêreldgeskiedenis gestel en probeer verstaan het, soos sy boeke *Europa en die Tweede Vryheidsoorlog, Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog, Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek* en *Die Republiek van Suid-Afrika en die Nuwe Wêreld* getuig.

Baie van die boeke waaraan hy later sou werk, het hulle oorsprong in Nederland gevind. In die voorwoord van sy boek oor die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner waarvan die eerste band in 1967 verskyn het, skrywe Scholtz: "In die dertigerjare van hierdie eeu was ek student in Nederland. Dit was net toe die Afrikaanse volk in een van die grootste politieke krisisse van sy bestaan verkeer het, nl. dié van die onsalige koalisie en samesmelting. Hierdie stryd het my besonder diep getref. Meestal wanneer ek in die namiddag 'n wandeling langs die gragte van Amsterdam gaan maak het, was ek in my gedagtes in Suid-Afrika. Dan het ek trouens ook my magteloosheid gevoel. Wat kon ek, 'n onbekende student, dan aan hierdie saak doen? So het eindelik by my 'n gedagte geryp wat nou sy eerste vergestalting in hierdie boek vind. By my het die besluit ontstaan om eenmaal my lewe te gaan wy aan 'n studie van die verlede van die Afrikaanse volk en om dan 'n uitgebreide werk daaroor te skryf. So sou ek op my eie manier probeer help om die Afrikaanse volk van sy roeping bewus te maak." Hier kom 'n wesenstrek van Scholtz, die latere historikus uit, nl. om betrokke te wees by die aktualiteit en om die verlede op die hede te betrek en die verlede ook uit die hede te vertolk. Miskien sou sy werk as joernalis hierdie neiging versterk, 'n neiging wat daarop dui dat hy didaktikus wou wees, opvoeder

van sy volk en denker wat leiding en rigting wil gee. Miskien beantwoord 'n groot deel van sy werk aan die uitspraak van Bolingbroke dat "History is Philosophy teaching by examples". Nietemin, Scholtz het die doktorale eksamen afgelê en 'n proefskrif by Brugmans ingedien oor die tema *Die Konstitusie en Staatsinstellings van die Oranje-Vrystaat 1854—1902* op grond waarvan die doktorsgraad tydens 'n promosieplegtigheid op 9 Desember 1936 aan hom toegeken is. Hy het 'n groot liefde vir Nederland ontwikkel en nog ses weke daar gebly. Op 14 Januarie 1937 het hy na Suid-Afrika teruggekeer. Tot vandag toe nog is hy sentimenteel oor Nederland en 'n voorstander van die immigrasie van Protestantse Nederlanders na Suid-Afrika.

Wat sy verdere reise betref: in 1950 het hy Nederland weer besoek, Portugal in 1952 en in 1956 Duitsland. In 1960 is hy via Europa na Amerika; in 1961 besoek hy Nederland vir die derde keer en in 1962 Duitsland. In 1968 was hy weer op besoek in Nederland en Duitsland, ook in 1972 toe hy Engeland weer aangedoen het.

Terug in Suid-Afrika het dr. Scholtz 'n betrekking as joernalis by die Bloemfonteinse *Die Volksblad* gekry en daar ses maande lank gewerk. Op 1 Augustus 1937 aanvaar hy 'n betrekking by die nuutgestigte Johannesburgse koerant, *Die Transvaler,* wat onder die leiding van dr. H.F. Verwoerd as hoofredakteur gestaan het. As redakteur buiteland was dr. Scholtz o.a. verantwoordelik vir die rubriek "Sake van die Dag" wat uniek in die Suid-Afrikaanse koerantwêreld was, 'n rubriek wat hy tot die begin van 1974 behartig het, dus 37 jaar lank. Daarin het hy 'n historiese agtergrond en perspektief vir die wêreldgebeure van sy tyd verskaf. Hoeveel artikels hy presies in die tyd gelewer het, weet ons nie, maar dis nie onaansienlik nie as 'n mens daaraan dink dat "Sake van die Dag" vyf keer per week verskyn het, behalwe wanneer Scholtz 'n paar weke vakansie per jaar gehou het. Uit persoonlike herinnering kan ek konstateer dat die lees van dié artikels vir my as student aan die universiteit besonder verhelderend gewerk het, veral gedurende die oorlogsjare. Die artikels berus op 'n geweldige belesenheid en is besonder insiggewend.

Op 25 Mei 1938 het dr. Scholtz vir mej. R.G.E. Scholtz (gebore op 23 Julie 1908) aan die huis van haar suster ontmoet. Hy het haar 'n paar waardevolle boeke gegee om te lees en toe hy merk dat sy hulle werklik gelees het, het hulle verder bevriend geraak. Op 16 Desember 1941 het hulle in die huwelik getree waaruit drie seuns gebore is wat al drie in Stellenbosch gestudeer het. Die oudste, Adalbert, het predikant van die N.G. Kerk geword nadat hy in Nederland gestudeer het. Hy werk tans aan die doktorsgraad. Die tweede, Werner, het 'n M.A.-graad in die Staatsleer verwerf en die Diplomatieke Diens betree, terwyl die derde, Leopold von Ranke, sy doktorale eksamen in geskiedenis *cum laude* aan die Universiteit van Leiden afgelê het en tans dosent in geskiedenis is aan die Randse Afrikaanse Universiteit.

Dr. Scholtz het elf jaar lank onder dr. Verwoerd as hoofredakteur gewerk en hom oor 'n tydperk van byna 30 jaar intiem leer ken. Vir Verwoerd se beginselvastheid en intellek koester hy groot bewondering. In sy biografie oor Verwoerd getuig hy dat daar tussen hom en dr. Verwoerd dié mate van "sielsverwantskap" bestaan het wat hom in staat gestel het om 'n

studiewerk aan Verwoerd te wy. Scholtz het die gewoonte gehad om uitknipsels te hou van toesprake van die leiers van sy tyd wat hy te enige tyd kon benut. Hy wat homself "'n produk van die Vrystaatse grasvelde" noem, het ontdek dat hy en Verwoerd dieselfde lewensbeskouing huldig. Reeds vroeg in sy lewe het die republikeinse ideaal die groot politieke leidster van Scholtz geword en dié het hy met Verwoerd gedeel. *Die Transvaler* het sy deel bygedra om dié ideaal te verkondig en sy lesers met die republikeinse gedagte te lei. In die woelige oorlogsjare het Scholtz ook pynlike insidente in Johannesburg belewe, o.a. toe die gebou van *Die Transvaler* op 1 Februarie 1941 deur soldate aangeval en beskadig is.

Scholtz het as koerantman die wisseling van vyf eerste ministers meegemaak. Smuts was vir hom die verpersoonliking van die "holistiese imperialisme" (Botha het vir hom geen beginsels gehad nie) beginsels was volgens Scholtz vir hom soos ronde klippe , Hertzog het geswig en van koers verander en was nie standvastig nie en het die "onsalige" koalisie en samesmelting teweeggebring waarin Smuts die toon aangegee het. Dr. Scholtz het ook nie 'n groot bewondering vir dr. D.F. Malan nie omdat, soos hy geglo het, dié nooit 'n "oortuigde republikein" was nie en die Suide bo die Noorde bevoordeel het. Vir Strijdom en Verwoerd het Scholtz egter groot verering. Gemeet aan die maatstaf vir wat hy as eienskappe van 'n groot staatsman sien, nl. "beginselvastheid, koersvastheid, vasbeslotenheid, selfvertroue, 'n helder siening van sake wat die vrug is van 'n vlugge verstand", het Verwoerd 9 uit 10 verdien (hy het in 1961 geswig i.v.m. die Indiërs) en wat koersvastheid betref, dié het, volgens Scholtz, Verwoerd slegs gedeel met manne soos Hendrik Potgieter, W.J. Leyds, M.T. Steyn, C.R. de Wet en Hans Strijdom. Uit sy geskrifte blyk dat Scholtz geen groot vereerder van Paul Kruger is nie, dié het beleidsfoute gemaak en in die oorlog aan oorgawe gedink en staan daarom ver agter by M.T. Steyn. Scholtz koester ook bewondering vir die groot manne van die geskiedenis, en wat beginselvastheid betref, plaas hy Verwoerd naas die Romein Cato, die Hervormers Luther, Calvyn en Knox en politieke leiers soos Willem van Oranje, Oliver Cromwell, George Washington en Mohandas Gandhi.

In Februarie 1960 is dr. G.D. Scholtz deur die direksie van Voortrekkerpers aangestel as hoofredakteur van *Die Transvaler* nadat hy 'n aantal jare die assistent-hoofredakteur was. Een van sy grootste begeertes is in 1961 vervul met die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika. Een van die grootste skokke van sy lewe was die gewelddadige dood van dr. H.F. Verwoerd op 6 September 1966. Mnr. M.C. Botha het dr. G.D. Scholtz namens die direksie van Voortrekkerpers versoek om die lewe van dr. H.F. Verwoerd te boek te stel. Met die oog op hierdie groot taak is Scholtz vanaf 1 Januarie 1969 losgemaak van die hoofartikelbladsy waaraan hy 'n sterk historiese en didaktiese inslag verleen het, asook van sy verantwoordelikheid as hoofredakteur. Hy sou egter voortgaan met die skrywe van "Sake van die Dag". Op 15 Augustus 1970, op 65-jarige ouderdom, het hy met pensioen afgetree, na 33 jaar diens as joernalis. Hy het egter voortgegaan met die skrywe van "Sake van die Dag" tot die begin van 1974 toe die nuwe hoofredakteur van *Die Transvaler* dit afgelas het. Daarna kon hy ongestoord tuis aan sy geskiedenisboeke werk.

Scholtz het hom in 'n groot mate aan die eise van die samelewing onttrek, veral wat betref die sosiale lewe en toesprake. As hoofredakteur het hy nie partytjies bygewoon nie, maar hom aan die studie van die geskiedenis gewy. Toesprake voor die publiek oor aktuele temas waarin hy vermaan, gewaarsku maar ook geprofeteer het, het hy slegs by wyse van uitsondering gelewer. Hy was egter altyd gewillig om voor akademiese gehore op te tree oor temas waarvan hy 'n diepgaande studie gemaak het. Ook het hy hom die lidmaatskap van sekere verenigings en kommissies laat welgeval, soos die Argiefkommissie, die Historiese Kommissie van die Suid-Transvaalse Sinode van die N.G. Kerk, die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (1944) van wie hy drie pryse ontvang het (in 1952 die Stalsprys vir Geskiedskrywing, in 1958 vir Staatswetenskappe en in 1960 'n prys vir sy boek oor die Tweede Vryheidsoorlog), die Kommissie van Toesig oor die Staatshistorikus (tot 1964) en die Maatschappij voor Nederlandse Letterkunde te Leiden. In 1963 is Scholtz aangestel as buitengewone professor in Perswetenskap aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. en in 1970 as ere-professor in Geskiedenis aan die Randse Afrikaanse Universiteit, waar hy sedert 1968 'n kursus op Honneursvlak oor die Oosterse geskiedenis aanbied en vanaf 1970 jaarliks vyf voorlesings in sy hoedanigheid as ere-professor lewer. Uit die Honneursvoorlesings het vier bande geskiedenis van die Ooste gevloei waarvan twee reeds voltooi is, maar waarvoor moeilik 'n uitgewer gevind kan word. Die Ooste is 'n lieflingtema van Scholtz, waarvan hy die geskiedenis en filosofie op die punte van sy vingers ken. Temas waaroor hy vyf tot ses ere-professorale lesings per jaar gelewer het, is "Die Afrikaner aan die Witwatersrand" (1970), "Afrikaner en Nederlander" (1971, in manuskripvorm waarvoor hy nie 'n uitgewer kon kry nie), "Generaals Hertzog en Smuts en die Britse Ryk" (wat in 1972 gehou is en in 1975 as C5 van die Publikasiereeks van die Randse Afrikaanse Universiteit verskyn het), "'n Woord tot die Afrikaner" (1973, waarin die boek *Het die Afrikaanse Volk 'n Toekoms?* opgevolg is), "Die Tweede Vryheidsoorlog in Wêreldverband" (wat in 1975 in *Historia* opgeneem is) en vir 1975 gaan dit oor die idee van leierskap by die Afrikaner. By die aanvaarding van sy ere-professoraat op 18 Februarie 1970 het hy 'n intreerede gehou oor "Die Taak van die Historikus", gepubliseer as A27 in bogenoemde reeks, waarin sy opvattinge oor die wetenskap van die geskiedenis uiteengesit is en waaruit sy ouvre as historikus verstaanbaar word.

Voordat daar oorgegaan word tot 'n kort bespreking van die inhoud van sy hoofwerke en sy opvatting van die geskiedenis, is dit wenslik om iets mee te deel oor Scholtz as mens en student. Dit sal tot 'n begrip lei van sy geweldige produksie wat o.a. op sy sterk geheue, selfdissipline en geroetineerdheid berus. Terwyl hy joernalis by *Die Transvaler* was, het hy gesorg dat hy soggens tussen 7 en 8 een uur lank op kantoor aan sy boeke skrywe. Die res van die dag is in beslag geneem deur sy dagtaak. Smiddae het hy tot op 'n sekere punt met die bus huis toe gery en dan afgestap en verder geloop vir sy daaglikse oefening. Hy het nooit tuis aan sy boeke geskryf nie, maar gelees en slegs tot ongeveer 9 nm. vanweë sy net een bruikbare oog. As 'n mens by hom aanklop, sal jy hom in 'n sagte regop leunstoel vind met koerante en boeke op die tafeltjie langs hom. Op sy

hoof dra hy 'n pet om sy oog teen die lig uit 'n staanlamp te beskerm en sit hy boek in die hand. Saterdagoggende het hy in die Johannesburgse naslaanbiblioteek navorsing uit koerante en boeke sit en doen; Saterdagmiddae is tuinwerk verrig. Sondae was dit lees en kerk toe as ouderling.

Vandat hy in 1970 afgetree het en sy skryfwerk tuis verrig, verloop sy roetine ietwat anders. Dit word beskryf aan die hand van aantekeninge wat ek in 1970 van mevrou Scholtz op my versoek ontvang het. Haar man staan gereeld om halfvyf op in die somermaande en om tien voor vyf in die winter. Hy gaan skeer, trek aan en maak sy eie skoene skoon. Daarna gaan hou hy stiltetyd, lees en skryf en gaan stap van halfses tot halfsewe "om sy batterye te laai" vir die dag wat voorlê. By sy terugkoms lees hy koerant, geniet om stiptelik halfagt ontbyt, en skryf dan aan sy boeke tot halftwaalf. Toe hy nog aan "Sake van die Dag" gewerk het, het hy dan kantoor toe gegaan om dié artikel te skryf, 'n ligte middagete by die pers geniet, vriende gespreek en kom dan so twee-uur of halfdrie huis toe, waarna hy aan sy manuskripte tik en 'n studie maak van tydskrifte, koerante (buitelands) en boeke. Daarna spring hy aan die huis en werskaf met die stofsuier en stoflappe en besem. Die gesin hou geen bediende aan nie om uitvoering te gee aan wat Scholtz verkondig het, nl. dat, as die Blankes hulle eie werk doen, die beleid van afsonderlike ontwikkeling soveel makliker deurgevoer sal kan word. Saans help hy met die was van skottelgoed. Na aandete en die huisgodsdiens lees hy weer tot ongeveer 9.15 nm. Om 9.30 gaan hy bed toe. Sondae gaan hy voormiddag kerk toe en lees o.a. teologiese werke. Hy is 'n teergelowige mens en praat dikwels van die wonderlike Almag van God, veral soos dit voorkom in die skepping. Op 'n vakansiedag gaan stap hy baie myle ver. Hy ken historiese Johannesburg deur te stap, middestad sowel as voorstede. Hy het nog nooit 'n motor leer bestuur nie en het nooit een besit nie. Vakansietye gaan bring die gesin deur in 'n stad by 'n argief. Vir sy wittebroodsdae in 1941 was dit Kaapstad. Voormiddae doen hy dan navorsing en teen drieuur is hy terug by sy gesin waarna rondgegaan kan word.

Dr. Scholtz het 'n uitgebreide biblioteek agter glasdeure. Die boeke staan die hele huis langs die mure vol. Hy weet waar om presies elke boek te vind. 'n Dokumentasiestelsel het hy nie, dié sit in sy hoof. Daarby het hy duisende uitknipsels uit koerante in 'n koevertleggerstelsel en dan sy argiefaantekeninge op spiraalrugboekies. Elke maand word vir 'n sekere bedrag boeke aangekoop. Hy maak nie aantekeninge uit sy boeke nie, maar onthou presies waar om iets na te slaan. Mevrou Scholtz vertel hieroor: "Dit het al gebeur dat hy my van die kantoor af bel om te sê ek moet iets vir hom opsoek in 'n boek wat op 'n besondere rak staan. Hy voeg dan ook sommer by dis die derde ry van bo, 20e boek van links en die passasie staan op bl. 80! Daarna moet ek dan net weer die boek terugsit waar ek dit gekry het, want hy is natuurlik verskriklik netjies."

Mevrou Scholtz is vol bewondering vir haar man. Sy het hom nooit teengegaan in sy lewenswerk van navorsing en skrywe nie. Sy is self lief vir lees en ken haar man as "iemand met 'n warm, erkentlike persoonlikheid. Hy is ook altyd en met almal hoflik." Op 'n vraag of die gesin nie verwaarloos word nie, het sy geantwoord: "Nee, ons word nie afgeskeep nie. Hy het die verbasende gawe om op verskillende dinge gelyk te kan konsentreer. Terwyl

hy bv. sit en lees, kan ons maar met hom praat. Hy sal aanhou lees, tot hy antwoord, en miskien nog tussen-in bewus bly van wat oor die radio gesê word." Hy is baie lief vir klassieke musiek en luister daarna terwyl hy lees. Hy kan dus op drie plekke gelyk konsentreer. Mev. Scholtz skrywe oor haar man: "'n Ideale huweliksmaat, liefdevol, waarderend, simpatiek, inagnemend, besonder netjies, spaarsaam en tog vrygewig, daarby baie beginselvas en streng, ook met die opvoeding van sy drie seuns. Hy het nie gehuiwer om 'nee' te sê waar dit nodig was nie." Sy skrywe voorts: "Hy is met 'n onuitblusbare geesdrif en werkywer besiel. Weet nie wat dit is om moeg te word nie, werk altyd met oorgawe en genot. Bejammer die feit dat die mens moet slaap — beskou dit as vermorsing van tyd. Doen navorsing tydens sy vakansies en beskou die verandering van werk as heerlike ontspanning. Desnieteenstaande gee hy altyd geduld en tyd aan sy gesin. Hy het sy drie seuns saans self Duits geleer en gehelp met Latyn. Het lang wandeltogte met hulle onderneem waarna almal "begeisterd" terugkom na aanleiding van die lekker gesprekke. Stap besonder graag en wanneer hy alleen gaan stap, skryf hy gedurig in sy gedagte aan sy boeke en kom daar oplossings vir probleme. Het bowenal 'n fantastiese geheue. Onthou nietige sowel as belangrike dinge, met datums, ewe goed. Vandaar die bynaam "Ensiklopedie op twee bene".

Oor koeitjies en kalfies gesels Scholtz nie. Wie met hom 'n gesprek voer, doen dit op 'n hoë intellektuele vlak. By geleentheid het dr. Scholtz op 'n vraag of hy nie liewer 'n akademiese loopbaan sou verkies het bo die joernalistiek nie, geantwoord dat hy dit na sy terugkeer uit Nederland oorweeg het. Die joernalistiek het hom wel weinig tyd toegelaat om navorsing te doen, maar hom met aktualiteite in aanraking gebring waarvoor die akademiese lewe nie altyd die geleentheid bied nie. Die rubriek "Sake van die Dag" het hom in staat gestel om feitlik elke dag 'n kernagtige lesing oor 'n lewende historiese tema op skrif te stel. Dié artikels was die resultaat van diepgaande studie en sy klaskamer was die publiek. Hy sou opsien teen die sleur van nasienwerk deur die akademiese historikus, en 'n mens kan byvoeg die tydrowende studieleiding aan nagraadse studente. Scholtz het ook die bevrediging dat sy boeke studiemateriaal aan studente in die geskiedenis verskaf. Of hy wou geld verdien uit sy talle wetenskaplike werke? Geensins. Scholtz het op 30 Augustus 1959 in *Dagbreek en Sondagnuus* verklaar dat die 13 boeke wat hy in die afgelope 25 jaar geskryf het tot daardie datum minder as tweeduisend rand ingebring het. Geen boek van hom is ooit vertaal nie. Hy wou die Afrikaners leer lees en het dikwels sy besorgdheid daaroor uitgespreek dat hulle so weinig lees, soveel onkunde het oor nasionale en internasionale probleme en dat hulle self so weinig daaroor publiseer.

Hoe gaan Scholtz te werk met sy studie- en skryftaak? Hy het verskillende terreine gekies waaroor hy lees, soos bv. die argeologie, die antropologie, paleontologie, volkekunde, staatsleer, biologie, sterrekunde, wetenskap, sosiologie, ekonomie, filosofie en konstitusionele en politieke geskiedenis. Hy lees dan gewoonlik uit drie of vier boeke gelyktydig, uit elkeen 'n paar hoofstukke op 'n dag en hy onthou ook wat hy gelees het. Daarby het hy 'n groot liefde vir die Oosterse geskiedenis, militêre geskiedenis en eietydse geskiedenis. Wat sy skryfmetode betref: Scholtz werk gewoonlik aan 'n paar boeke tegelyk. Terwyl hy tussen 1969 en 1971 aan die Verwoerdbiografie

geskryf het, het hy van ná ontbyt tot so 9 vm. aan sy tienbandige reeks oor die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner geskrywe; daarna het hy tot twaalfuur met Verwoerd voortgegaan. Daarmee was sy skryfwerk vir die dag klaar. Tot twaalfuur het hy dan ook, wanneer vereis, aan sy voorlesings as ere-professor gewerk en dié in geskrewe vorm voltooi. Tans, terwyl hy aan die "politieke denke" skrywe, skryf hy tegelyk ook aan die geskiedenis van die Ooste. In die namiddag en aand laai hy sy intellektuele batterye met wye leeswerk. Scholtz skryf elke manuskrip met die hand in groot folio-boeke. Daarna tik hy dit gewoonlik in die namiddag met stylverbeteringe oor, wanneer hy ook strook- en bladsyproewe lees as dié gereed is. Sy grootste bekommernis is tans om 'n uitgewer vir sy boeke te vind. Hoewel die vierde band al vanaf 1972 in die pers is en die vyfde oor die politieke denke feitlik voltooi is, verskyn dit maar nie. Perskor is nie bereid om met die verhoogde drukkoste sulke duur boeke met 'n beperkte omset te riskeer nie en soek staatshulp. Met die vierbandige reeks Oosterse Geskiedenis is die skrywer raadop. Sy reeks ere-professorale voorlesings oor "Generaals Hertzog en Smuts en die Britse Ryk" is in 1975 deur die RAU in getikte vorm uitgegee, iets wat waarskynlik ook wag op die Ooste-boekreeks. Scholtz produseer vinniger as wat die uitgewer tans kan behartig.

II

Afgesien van tydskrifartikels, bydraes tot kollektiewe werke, historiese artikels in koerante en brosjures, staan die volgende boeklys tot die krediet van dr. G.D. Scholtz:

Die Konstitusie en Staatsinstellings van die Oranje-Vrystaat 1854 1902. Smuts en Zeitlinger, Amsterdam, 1937, 203 pp.

2. Europa en die Tweede Vryheidsoorlog 1899 1902. Voortrekkerpers Johannesburg, 2e druk, 1941, 244 pp.

3. In Doodsgevaar, die Oorlogservarings van kapt. J.J. Naudé. Voortrek kerpers, Johannesburg, 1940, 233 pp.

4. Generaal Christiaan Frederik Beyers 1869—1914 Voortrekkerpers, Johannesburg, 1941, 382 pp.

5. Die Rebellie 1914—15. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1942, 312 pp.

6. Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe 1888—1940. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1944, 436 pp.

7. Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899—1902. Voortrekker pers, Johannesburg, deel I, 1948, 387 pp, en deel II, 1949, 320 pp.

8. Hoe die Wêreldpolitiek gevoer word. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1952, 364 pp.

9. Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek 1652—1952. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1954, 312 pp.

10. Het die Afrikaanse Volk 'n Toekoms? Voortrekkerpers, Johannesburg, 1954, 173 pp.

11 Die Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1842—1910. N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad, deel I, 1842—1885 (1956), 304 pp, deel II, 1885—1910, (1956), 201 pp.

12. President Johannes Hendrikus Brand 1823—1888. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1957, 304 pp.

13. Die Gevaar uit die Ooste. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1957, 205 pp.

14. Die Tweede Vryheidsoorlog 1899—1902. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1960, 150 pp.

15. Die Stryd om die Wêreld: Rusland en die Kommunisme. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1962, 561 pp.

16. Die Republiek van Suid-Afrika en die Nuwe Wêreld. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1962, 218 pp.

17. 'n Swart Suid-Afrika? Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1964, 145 pp

18. Die Bedreiging van die Liberalisme. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1965, 109 pp.

19. Die Afrikaner en die See. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1969, 127 pp.

20. Dr. Hendrik Frensch Verwoerd 1901—1966. Perskor-uitgewery, Johannesburg, 1974, band I, 306 pp, band II, 325 pp.

21 Generaals Hertzog en Smuts en die Britse Ryk. Publikasiereeks van die Randse Afrikaanse Universiteit, C5, Johannesburg 1975, 122 pp.

22. Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner.

| | |
|---|---|
| Deel I, 1652—1806. | Voortrekkerpers, Johannesburg, 1967, 429 pp. |
| Deel II, 1806—1854. | Voortrekkerpers, Johannesburg, 1970, 615 pp. |
| Deel III, 1854—1881. | Perskor-uitgewery, Johannesburg, 1974, 611 pp. |

Deel IV, 1881—1899, is tans in die pers by Perskor (waar publikasie blykbaar nog oorweeg word), terwyl deel V, 1899—1910, in April 1975 deur die skrywer in manuskripvorm voltooi is. Die opvolgbande is soos volg: deel VI, 1910—1924; deel VII, 1924—1939; deel VIII, 1939—1948; deel IX,

1948—1961 en deel X, vanaf 1961. 'n Manuskrip "Afrikaner en Nederlander" het geen uitgewer (1970) kon kry nie, terwyl "Die Tweede Vryheidsoorlog in Wêreldverband" gedurende 1975 in twee aflewerings van *Historia* opgeneem is (± 100 pp.) Van die "Inleiding tot die Geskiedenis van die Ooste" is die volgende bande voltooi: band I: Die Nabye Ooste, en band II: Indië. Deel III handel oor China en deel IV sal oor Japan handel. Die reeks sal vier bande beslaan.

As brosjures en bydraes in ander werke en ongepubliseerde manuskripte weggelaat word, het Scholtz vanaf 1937 tot Maart 1975 altesaam 8 098 bladsye in boekvorm die lig laat sien, wat gemiddeld op ongeveer 200 bladsye per jaar te staan kom. Sedert sy aftrede in 1970 het sy produksie toegeneem.

Die feit dat Scholtz as Vrystater opgegroei het in 'n tydperk van die náwerking van die Anglo-Boereoorlog, die Rebellie meegemaak het, hom geestelik en intellektueel deur selfstudie gevorm het, kontak met die internasionale wêreld deur sy Amsterdamse studietyd gemaak en behou het, het, tesame met die probleme met sy oog, 'n groot invloed op sy produksie en denke gehad en die tipe boeke bepaal wat hy geskryf het. Hy is 'n Vrystater en onbeskaamde Afrikaner wat sonder vrees as Afrikaner vir Afrikaners skrywe. Hy skrywe in die voorwoord tot "Generaals Hertzog en Smuts en die Britse Ryk": "Ek behoort tot 'n geslag wat opgegroei het in die jare toe die politieke toneel in Suid-Afrika eintlik deur genls. J.B.M. Hertzog en J.C. Smuts oorheers is. Die stryd tussen die twee manne het my as jong seun reeds diep geïnteresseer. Hoe ouer ek geword het, hoe meer het veral een aspek van die stryd my belangstelling opgewek. Dit was die houding van die twee politieke leiers teenoor die Britse Ryk." Die politiek van die dag het sy denke oor en siening van die verlede sterk beïnvloed.

Scholtz het sterk voorkeure en afkeure en skryf dogmaties. As hy 'n vyand beveg, beveg hy hom met mening, soos byvoorbeeld die liberalisme, wat met dodelike bewysvoering as bedreiger van die vryheid en Christendom en as wegbereider vir die kommunisme bestry word.

In sy boeke gaan dit vir Scholtz, wat Suid-Afrika betref, in die eerste plek om die "Afrikaanse volk" en "die Afrikaner" wie se geskiedenis hy aan hom bekend wil stel en oor wie se toekoms hy bekommernis het. Soos Theal deur I.D. Bosman "die geskiedskrywer van Suid-Afrika" genoem is, so sal die toekomstige historiograaf Scholtz moontlik noem "die geskiedskrywer van en vir die Afrikaner". In sy boeke oor aktuele sake gaan dit nie vir hom oor "die Blankes" van Suid-Afrika nie, maar in die eerste plek oor die Afrikanervolk, sy verlede, sy belange en sy toekoms.

Die werk van Scholtz kan onder vier hoofde ingedeel word, nl. werk van suiwer histories-wetenskaplike aard, van wêreldpolitieke of staatswetenskaplike aard, didakties-historiese werk en die geskiedenis van idees, hoewel die vier nie altyd van mekaar te onderskei is nie.

## 1

Wat sy werk van suiwer histories-wetenskaplike aard betref, beklee die Anglo-Boereoorlog 'n prominente plek daarin. In die voorwoord tot sy

*Die Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899—1902* skryf hy: "Ek behoort tot die geslag wat tussen die jare 1902 en 1910 gebore is, d.w.s. in die tydperk toe almal in Suid-Afrika nog sterk onder die indruk verkeer het van die groot militêre worsteling wat hier plaasgevind het. Tot my vroegste jeugherinneringe behoort dan ook gesprekke wat ek ouer mense oor 'die oorlog' hoor voer het. In die Vrystaatse dorpie waar ek my jeugjare deurgebring het, het ek ook die puinhope gesien van 'n kerkgebou en 'n paar huise wat, soos my vertel is, deur die Britse magte verwoes was. Altyd het die vraag in my kindergemoed opgekom: Waarom het die oorlog ontstaan? Toe ek eindelik na Europa kon vertrek, het ek besluit om van die saak 'n studie te maak." O.a. is Potsdam, Parys en Den Haag besoek en die argiefbewaarplekke in Suid-Afrika.

Die eerste boek ná sy doktorale dissertasie het oor *Europa en die Tweede Vryheidsoorlog* (1941) gehandel; 'n boek wat gebaseer is op bronne wat hy gedurende sy Europese studiejare ingesamel het. Dit het hom laat besef "welke geweldige indruk die worstelstryd van die Afrikaanse volk uit die jare 1899—1902 op die buitewêreld gemaak het". By sy terugkeer het hy ook besef "dat die meeste Afrikaners feitlik niks van die reaksies van die buitewêreld op die Tweede Vryheidsoorlog weet nie". Scholtz toon aan dat die oorlog in Suid-Afrika nie as "iets opsigselfs" gesien moet word wat ontwikkel het uit suiwer Suid-Afrikaanse politieke vraagstukke nie. Hy plaas die oorlog in die internasionale verband van die tyd en toon aan dat dit een van die laaste skakels was in die anneksasie van die hele Afrikaanse vasteland deur die Europese moondhede. Ook was die politieke konstellasie in Europa destyds van so 'n aard dat die Engelse staatsmanne dit kon waag om 'n swaar en moeilike oorlog te begin. Daarteenoor het die oorlog die houding van sommige van die Europese moondhede op so 'n blywende wyse beïnvloed dat dit weer een van die vernaamste oorsake van die Wêreldoorlog van 1914—1918 geword het. Die konfrontasie tussen Duitsland en Brittanje het bv. op Suid-Afrikaanse bodem met die Jamesoninval begin. Hy skets die Europese belangstelling in die oorlog, die werk van die rondreisende Boeredeputasie, die koms van Kruger, die stygende en dalende belangstelling in die oorlog, die pogings van staatsmanne om die vrede te bewerkstellig en behandel ten slotte die belangstelling in en houding van die volke teenoor die oorlog, 'n tema wat, soos hy self verklaar, genoeg materiaal vir 'n aparte boek bied, 'n boek wat eers in 1973 verskyn het van die hand van 'n Duitser, Ulrich Kröll, nl. "Die internationale Buren-Agitation 1899—1902" (Verlag Regensberg Münster). Eers in 1975 het Scholtz verder ingegaan op die gevolge wat die oorlog in wêreldverband gehad het (*Historia,* Mei en September 1975).

Die verskyning van Scholtz se tweedelige werk oor die oorsake van die Anglo-Boereoorlog het hom die Stalsprys vir Geskiedskrywing van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns besorg. In sy boek begin hy die oorsake by die begin — die Groot Trek — wat 'n staatkundige teëstelling tussen Boer en Brit in Suid-Afrika gebring het en volg dit op tot aan die oorlog. Scholtz laat dus die Britse imperialisme sien as die drywer in die rigting van oorlog, maar huiwer nie om kritiek uit te oefen op Kruger se hantering van die Uitlanderkwessie, of op Reitz se ontoereikende diplomasie nie. Hy plaas die oorlog in 'n wye internasionale verband en toon aan dat

die bestaan van onversetlike Afrikanernasionalisme en die posisie van Brittanje as grootmoondheid in die wêreld, waarin sy supremasie in Suid-Afrika en sy prestige op die spel was, van die vernaamste oorsake was. Brittanje wou sy krag aan die moondhede toon in die hoop op 'n snelle oorwinning. Die boek is objektief geskryf. Prof. F.J. du Toit Spies oordeel dat Scholtz se ondersoek "so omvattend, logies beredeneerd en indringend (is) soos daar nog geen ander, sowel in Engels as in Afrikaans, oor hierdie onderwerp verskyn het nie. Dit is ongetwyfeld 'n voortreflike studie" (*Die Transvaler,* 8-11-1949).

Met sy *In Doodsgevaar* het Scholtz hom verder met die oorlog bemoei deur die oorlogservarings van 'n Boerespioen, kapt. J.J. Naudé, op spanningsvolle wyse te behandel. Scholtz se liefde vir militêre geskiedenis en sy kennis van die Anglo-Boereoorlog blyk uit sy kernagtige studie *Die Tweede Vryheidsoorlog 1899—1902.* Dit het ontstaan na aanleiding van 'n prysvraag van die Akademie oor die geskiedenis van die oorlog wat vir skoolgebruik geskik sal wees. Die prys is in 1959 deur Scholtz ingepalm. Uit die aard van die saak is die werk oorsigtelik, die vernaamste gebeurtenisse is vermeld en op die redes ingegaan wat aan die oorlog 'n bepaalde verloop gegee het. Van belang daarin is Scholtz se strategiese insigte en sy kennis van taktiek.

Scholtz het sy hand ook aan die biografie gewaag soos blyk uit die lewensbeskrywings van genl. Beyers, dr. N.J. van der Merwe, pres. J.H. Brand en dr. H.F. Verwoerd. Die werk oor Beyers (1941) hou verband met sy belangstelling in die Anglo-Boereoorlog waarin Beyers se aandeel beskryf is. Ook word aandag gegee aan sy aandeel in die Transvaalse geskiedenis voor en na Uniewording, 'n tydperk waarin hy as kampvegter vir die Afrikanersaak na vore tree. Daarna volg sy beskrywing van Beyers as hoof van die Unie se weermag, sy aandeel in die Rebellie en die tragiese omstandighede wat tot sy dood op 7 Desember 1914 gelei het. Die werk is geskryf uit 'n patriotiese oorweging, nl. dat 'n volk sy groot manne moet eer en uit Scholtz se nuuskierigheidsdrang om meer van die lewe van Beyers te wete te kom.

Uit hierdie studiewerk het voortgevloei *Die Rebellie 1914—15* (1942) waarin Scholtz hom op die terrein van die eietydse geskiedenis begewe het. Omdat daar geen omvattende werk oor hierdie gebeurtenis bestaan het nie, het hy sonder die argiewe te kon raadpleeg (dié was vir die tydperk gesluit) uit amptelike stukke, boeke, koerante en persoonlike onderhoude, die eerste boek in Afrikaans oor hierdie omstrede tema die lig laat sien. Vir die eerste keer ondersoek hy die standpunt van die Rebelleleiers en bring 'n enigsins beter perspektief op die gebeurtenis wat syns insiens 'n uitvloeisel was van die republikeinse gevoel onder die Afrikaners, en hulle verset teen Botha se voorgenome aanval op Suidwes-Afrika. Dit was meer 'n spontane, ongeorganiseerde protes deur swak gewapende manne as wat dit 'n komplot was. Dit het die republikeinse gevoel gestimuleer. Die leiers "wou verhoed dat die Afrikaners sou afdaal tot 'n volk van slawe wat sy verlede vergeet en wat bereid was om arbeid vir 'n vreemde volk te verrig", aldus Scholtz, wat die Rebellie noem "een van die groot ligbakens in die verlede van die Afrikaanse volk" (p.304).

In sy lewensbeskrywing (1944) van dr. N.J. van der Merwe, wat in 1940

oorlede is en in die brandpunt van die eietydse politiek gestaan het, gee Scholtz sy opvatting oor die biografie en die geskiedenis. Hy haal geleerdes soos Ranke en Valentin aan om sy standpunt te steun dat die mens se lewensbeskouing hom noop om dinge vanuit 'n sekere standpunt te sien. "Ek behoort tot die Afrikaanse volk en die lewensbeskouing wat ek toegedaan is, sluit in dat die Afrikaanse volk in 'n vrye en onafhanklike republiek sy eie heil en toekoms moet uitwerk. Daarom sal ek die verlede van die Afrikaanse volk wel in 'n ander lig sien as 'n nie-Afrikaner of 'n Afrikaner wat nie die republikeinse ideaal toegedaan is nie. Omdat ek 'n sekere lewensbeskouing toegedaan is, het ek die lewe en werk van die onderwerp van hierdie biografie ook in 'n sekere lig gesien," verklaar Scholtz in sy voorwoord, en dit veroorsaak dat hy "'n mate van waardering" vir Van der Merwe kon vind wat die nie-Afrikaner of die nie-republikeinse Afrikaner waarskynlik nie met hom sal deel nie, hoewel hy nie aan "mensverheerliking" glo nie. Standpuntinname sluit volgens Scholtz nie objektiwiteit uit nie en historiese kennis word deur lewensbeskouing bepaal. Hieroor in die slotafdeling.

In die veld van eietydse geskiedenis het Scholtz vir die eerste keer 'n nuwe soort leier in die geledere van die Afrikanervolk beskryf: dit was nie meer die militêre leier van vroeër nie, eerder die intellektuele, kulturele en politieke, dus partyleier en draer van idees. Sy lewe is gerangskik om temas soos Van der Merwe as student, predikant, politikus, kultuurleier, geestelike leier, jeugleier, republikeinse leier, leier teen koalisie en samesmelting en partyleier. In 'n wêreld van 'n verdeelde Afrikanerdom gedurende die jare van die Tweede Wêreldoorlog is die biografie met gemengde gevoelens ontvang, en was daar o.a. kritiek op die eietydsheid daarvan, 'n lewe waaroor die gras nog nie gegroei het nie. Persoonlike stukke van die onderwerp en koerantmateriaal was 'n belangrike bron.

Die derde biografie van Scholtz handel oor die lewe van pres. J.H. Brand, wat 25 jaar lank hoof van die Vrystaatse republiek was. Van kindsbeen af het Scholtz 'n liefde vir die Vrystaatse geskiedenis gekoester, maar dit sou tot 1956 duur voordat die studie voltooi is. Hy sien Brand as die man wat 'n keerpunt gebring het in die bestaan van die Boererepublieke, wat 'n kwynende en sukkelende bestaan gevoer het, juis deur sy advokaatsbekwaamheid en intellektuele vernuf waarmee hy weerstand kon bied teen die Britse imperialisme en 'n onafhanklike volksbestaan vir die Afrikaners verseker, hoewel Brand self 'n Engelse opvoeding geniet het en Kaaps en uiterlike Brits georiënteerd was. Hy was een van die eerste Afrikanerstaatsmanne wat Suid-Afrika as 'n geheel gesien en ook aan 'n verenigde Suid-Afrika geglo het. Geestelik het hy hom egter geskaar by 'n rigting wat deur 'n sterk Britse inslag gekenmerk is en wat die heil van Suid-Afrika so nou moontlik aan Brittanje verbind wou sien soos dit o.a. tot uiting kom by J.H. de Villiers, J.G. Kotze en J.H. Hofmeyr, in teenstelling met die rigting wat Suid-Afrika in elke opsig selfstandig wou sien en waarvan Kruger, Reitz en Steyn die voorstanders was. Scholtz behandel eerder die Vrystaatse geskiedenis as raamwerk waarbinne Brand beweeg het as wat hy 'n biografie aanbied wat tot die kern van Brand se persoonlikheid deurdring en hom psigologies begryp. Hy het egter waardering vir sy intellektuele vermoë wat die Vrystaat in 'n "modelstaat" omgeskep het.

Van biografiese aard is ook Scholtz se "studiewerk" oor dr. H.F. Verwoerd, aan wie se lewe hy meer as 600 bladsye wy. Sy "sielsverwantskap" en samewerking met Verwoerd, die man wat sy lewensideaal van 'n republiek op 31 Mei 1961 in vervulling laat gaan het, het sy taak vergemaklik soos ook sy duisende koerantuitknipsels. So 'n boek, afgehandel op 17 September 1971, vyf jaar na die dood van Verwoerd, is 'n prestasie. Die boek is uit lg. se standpunt geskrywe en met groot simpatie en waardering. Van die standpunt van die teenstanders van Verwoerd, die Suid-Afrikaanse opposisie, Swart of Blank, kry ons weinig te sien, behalwe die nederlae wat hy hulle laat ly het of die verkeerdheid van hulle optrede wat deur hom aangetoon is. Die werk behandel, soos by Brand, die uiterlike omstandighede waaronder Verwoerd gelewe en gewerk het en laat hom nie soseer van binne-uit as mens sien nie. Vir Scholtz is hy die verpersoonliking van alles wat edel in die Afrikaner is, van koersvastheid, beginselvastheid en onversetlikheid teenoor die hele wêreld, veral die Weste, wat deur 'n gees van kapitulasie in die tydperk van die "Terugtog van die Blanke Ras" gekenmerk word. Ons sien Verwoerd as die vervulling van die republikeinse ideaal en die groot argitek van die beleid van afsonderlike ontwikkeling wat tot 'n herordening van die samelewing en staat gelei het. Scholtz besit 'n verbasende vermoë om te sintetiseer. Hierdie "biografie" kan eerder 'n ideë-geskiedenis genoem word, gesien die baie aanhalings uit die toesprake van Verwoerd. Dit het die politiek en staat tot kern. Ons sien Verwoerd as 'n man van graniet, 'n monument in rots.

Die historikus staan nie los van die samelewing nie en soms kry hy opdragte wat hom tydelik uit sy program druk. Op versoek van die Sinode van die N.G. Kerk het dr. Scholtz hom op die terrein van die kerkgeskiedenis begeef, dit as "'n soort morele plig" betrag en twee bande oor die betrokke kerk uitgebring, die eerste in 1955. Dit berus op die kerkargiewe en ander bronne en is beperk tot die Transvaalse N.G. Kerk. Scholtz begin met die Gereformeerde Kerk in Nederland en eindig in 1910. Aangesien die N.G. Kerk nie juis professionele kerkhistorici het nie, is sy geskiedenis grootliks braakland. Of 'n nie-teoloog so 'n werk moes skrywe, is 'n ope vraag. Scholtz het hom goed gekwyt van sy taak en in N.G.-kringe is die werk met dankbaarheid ontvang. Die skrywer het egter nie die stryd om die kerkgeskiedskrywing vrygespring nie en 'n heftige polemiek oor die kerknaam het daaruit te voorskyn getree wat tot etlike brosjures aanleiding gegee het en waarin Scholtz getoon het dat hy sy feite beheer en hard kan terugslaan waar hy aangeval word. Weer eens het Scholtz sy wye belesenheid bewys.

2

Dit bring ons by Scholtz se publikasies oor staatswetenskap en werk van wêreldpolitieke aard wat histories maar ook aktueel van aard is, en wat bedoel is om die Afrikaner op te voed tot begrip van die posisie van sy land in die internasionale wêreld. In Mei 1951 het Scholtz die manuskrip gereed gehad vir sy boek oor *Hoe die Wêreldpolitiek gevoer word.* Sy joernalistieke ervaring sedert 1937 het hom tot die gevolgtrekking gebring dat "die Afrikaner" groot onkunde oor die internasionale politiek openbaar — die gevolg van isolasie. Die wêreld van ná 1945 het daarop gedui dat isolasie vir Suid-

Afrika aan die verbygaan is: die internasionale politiek sal hom al meer beinvloed en daarom is dit nodig dat hy meer daarvan moet weet. Scholtz skryf: "Die voortbestaan van sy volk gaan dit verg dat die gemiddelde Afrikaner veel meer aandag aan die buitelandse politiek sal moet wy as wat tot dusver die geval was. Die Afrikaner sal moet leer dat sy toekoms nie net bepaal word deur wat binne die grense van sy vaderland plaasvind nie, maar ook deur wat in ander dele van die wêreld gebeur. Op hierdie groot uitdaging wat aan hom gerig word, sal die Afrikaner antwoord moet gee, tensy hy bereid is om die toekoms van sy volk 'n noodlottige slag te laat toedien." Hy skryf dié inleiding dus om voorligting te gee.

Scholtz openbaar 'n grondige kennis van sy tema. Nadat hy aangetoon het waar die idee van wêreldpolitiek en magstrewe vandaan kom, analiseer hy die aard en wese van die politiek en die diplomasie en behandel die grootmoondhede soos Amerika, Brittanje, Duitsland, Frankryk, Italië, Japan en Rusland aan die hand van die aardrykskunde, ekonomie, bevolkingsterkte, volksaard en die huidige toestand tot 1945. Daarmee was sy taak nie afgehandel nie. Die boek het by hom die behoefte gewek om die Suid-Afrikaanse geskiedenis in breër verband te verstaan. In 1954 verskyn *Suid-Afrika en die Wêreldpolitiek, 1652—1952,* wat weer 'n wye belesenheid toon, op 'n grondig-deurdagte werkplan berus en 'n vlotte beheersing van die tema openbaar. Die skrywer lewer die bewys dat hy 'n denker en eerlike delwer op die gebied van die geskiedenis is wat weg beweeg het van introspeksie. Hy wil graag 'n bydrae lewer om "die Afrikaners" onder die besef te bring van die feit dat die lotgevalle van hul volk onafskeidelik verbonde is aan wat buite hul vaderland gebeur. Hy skryf: "Min Afrikaanse historici het hulle nog op ernstige wyse rekenskap probeer gee van die feit dat die geskiedenis van Suid-Afrika alleen dan behoorlik begryp kan word, indien dit gesien word as onderdeel van die algemene wêreldgeskiedenis." Daar is te veel gepoog om die oorsaak van allerlei gebeurtenisse slegs in die Suid-Afrikaanse bodem te vind: "Die Suid-Afrikaanse geskiedenis is te veel gesien soos 'n liggaam wat heeltemal op sy eentjie deur die hemelruim beweeg, terwyl dit in werklikheid gesien moet word as 'n satelliet wat hom om 'n groter ster beweeg. Die doel van die werk is om te probeer aantoon dat die geskiedenis van Suid-Afrika nooit van die groot wêreld losgemaak mag word nie en dat dit alleen in samehang daarmee behoorlik begryp kan word. Die "Afrikaanse geskiedskrywing" behoort volgens Scholtz kennis te neem van die feit dat isolasie in die moderne wêreld dood is. Hy gee 'n panoramiese oorsig van hoe die Suid-Afrikaanse geskiedenis sedert die ontdekking van die land deur die internasionale politiek beïnvloed is in tydvakke van 1652—1806, 1806—1875, 1875—1902, 1902—1919 en 1919—1952 waarvan lg. twee in die terrein van die eietydse geskiedenis val.

Die snel veranderde en veranderende wêreld van die 15 jaar ná die beëindiging van die Tweede Wêreldoorlog wat Suid-Afrika weens sy rassebeleid al meer in die maalstroom van die stryd tussen die Weste en Ooste om die wêreld gebring het, het vir Scholtz bewus gemaak van die vraag na die toekoms. Twee boeke wat op voorgaande gevolg het en waarna later verwys word, dra nie om dowe neute die titels van "Het die Afrikaanse Volk 'n Toekoms?" en "Die Gevaar uit die Ooste" nie. Die kritiek uit

V.V.O.-kringe en die roeringe en verandering in Asië en Afrika het Scholtz met kommer oor die toekoms van "die Afrikaner" vervul. Hy was van mening "dat die Republiek van Suid-Afrika slegs dan 'n toekoms sal hê, indien die gemiddelde Afrikaner die nodige kennis besit van die wêreld waarin hy hom vandag bevind". Hy het in sy koerantartikels die stigting van 'n leerstoel in die internasionale politiek bepleit. Met republiekwording is een van die grootste politieke ideale bereik, maar om voort te kan bestaan, was kennis nodig. Daarom dat hy die boek *Die Stryd om die Wêreld* (1962) geskryf het waarin 'n uiteensetting gegee word van die politieke omstandighede waarin die mensdom as geheel hom vandag bevind. As subtitel dra die boek "Rusland en die Kommunisme". Daarin het Scholtz die groot bedreiging vir die Weste en Suid-Afrika gesien. Die verwysings in die werk getuig weer van Scholtz se verbasende belesenheid in die veld van die wêreldpolitiek. Die Akademiebekroning — die Stalsprys in 1958 vir Staatswetenskap — was nie sonder rede en gevolg nie. Die skrywer openbaar 'n baie oorspronklike visie wat eenheid in sy groot tema van die vroegste wêreldgeskiedenis tot sy eie tyd bring en waarin die aardrykskunde, die wysbegeerte en ekonomie tot hulle reg kom. Rusland het hom meester gemaak van die "Groot Gebied" (een sesde van die landmassa van ons planeet) waaromheen 'n betreklike smal beskawingsgordel van Wes-Europa tot China loop. Op die grens tussen die gebiede het 'n stryd gewoed tussen die onbeskaafde mens en die beskaafde wat in die beskawingsgordel woon. 'n Derde gordel óm die Groot Gebied, maar op 'n afstand, is met die uitswerming van die Westerse mens ná die Renaissance gevorm, en vandag is dié ook in die stryd betrokke, nl. die twee Amerikas, Afrika, Australië en Nieu-Seeland. Die gevaar kom uit die Groot Gebied, wat kommunisties is, maar die Weste self is dekadent in sy ideologiese strydvoering. Die Weste het flaters begaan met die oopmaak van die deure uit die Groot Gebied tydens die Tweede Wêreldoorlog. Vir die verswakking om die Weste moet Hitler, 'n kranksinnige, Roosevelt, die ligsinnige en onkundige, en Churchill, wie se vegtersnatuur sy verstand oorheers het, verantwoordelik gehou word, ook vir die bedreiging waaraan die Westerse kultuur en beskawing vandag blootgestel is in albei beskawingsgordels. Hierdie werk voer ons ook na die warme eietydse geskiedenis. Scholtz se simpatie lê by die Weste. Die boek dra tekens van subjektiwiteit, bevat heelwat herhalings en is op plekke omslagtig.

In sy voorwoord het Scholtz, wat aan die lopende band werk en lank vooruit beplan, op 7 April 1961 aangekondig dat sy volgende boek sal handel oor *Die Republiek van Suid-Afrika en die Nuwe Wêreld* en dié was op 12 Februarie 1962 klaar. Sy doel is "om die posisie van die Republiek te probeer bepaal in die wêreld wat sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog sulke ingrypende veranderings ondergaan het". Waarom? Hy antwoord: "Die feit bly nou eenmaal staan dat intieme kennis van die moderne wêreld die wapen is waarmee die blankes aan die suidpunt van Afrika hul voortbestaan moet verseker." Vir die eerste keer gaan dit nou nie om "die Afrikaner" alleen nie, maar alle Blankes in die R.S.A.: dis die "sedelike plig" van "elke burger en burgeres" om 'n studie van die wêreldpolitiek te maak met die oog op voortbestaan. Omdat die nuwe "eengeworde" wêreld, waarin afstand gekrimp en atoomwapens met geleide projektiele aan die orde van die dag

is, "gevaarlik" geword het, moet ook 'n behoorlike oplossing vir die "brandende rassevraagstuk" gevind word, en wel op morele beginsels soos selfbesturende Bantoestate. In die slothoofstuk is Scholtz die didaktikus wat die hede wil help verander met die oog op 'n veilige toekoms.

Die boek beskryf die ontstaan van die wêreld van ná 1945 en toon aan hoe die Blanke van die Westerse kultuur na 400 jaar oorheersing oor Swart volke sy oorheersende rol verloor het, hoe Europa deur Rusland en Amerika verdwerg is, asook die val van die Westerse ryke en die opkoms en emansipasie van die gekleurde volke wat tot nasionale ontwaking gekom het en gelykberegtiging eis. Hy ondersoek die militêre sterkte van die Republiek, sy aardrykskundige ligging, strategiese waarde en sy verhouding tot die Weste en Ooste, Afrika en die V.V.O.

3

Die vorige boek dui reeds op, wat 'n mens sou kan noem, Scholtz die didaktikus, die opvoeder van sy volk tot denke en kennis, die profeet wat sy eie situasie diagnoseer, by die aantoning van die gevare die alarm slaan en waarsku teen ondergang. Hy gee 'n prognose vir die toekoms en doen redmiddele aan die hand om dié te beveilig vir die Afrikaner. Scholtz die historikus klim hier op die kateder en gebruik sy insigte en historiese kennis om redding te verkondig teen die bedreigings wat uit die nuwe wêreld te voorskyn gekom het. Sou sy raad nie aanvaar word nie, sal hy 'n skoon gewete hê, want hy het immers waarskuwings gerig tot sy volk wat volgens hom in onkunde en gemaksugtigheid leef.

Scholtz se pragmatiese benadering tot die geskiedenis begin wanneer hy in 1954 sy boek *Het die Afrikaanse Volk 'n Toekoms?* lewer, waarmee hy as student en denker ook ander wou aanspoor om deur studie van probleme 'n weg na die toekoms aan te dui. Hy betreur die gebrek aan kennis en studieywer by die Afrikaner en probeer in 'n behoefte voorsien. Scholtz verklaar: "Daar word inderdaad 'n groot uitdaging tot die Afrikaanse volk, in die huidige tydsgewrig gerig. Indien hy vir homself 'n toekoms wil skep, sal die Afrikaanse volk op hierdie uitdaging 'n antwoord moet vind. Hierdie uitdaging lê in die veranderde omstandighede waarbinne die Afrikaanse volk hom bevind. 'n Mens kan in hierdie eeu van die atoombom en die straalvliegtuig, van ideologieë soos die kommunisme, van die nedergang van die Weste aan die een kant en die opkoms van die Ooste aan die ander kant en van toenemende vrees en twyfel, haas geen boek of tydskrif meer opneem sonder om daarin nie ook die vraag oor wat die toekoms mag bring, teen te kom nie."

Scholtz ondersoek nou die eksterne situasie van Suid-Afrika en gaan dan oor tot die interne. Hy gee 'n beskrywing van die Rewolusie van die 20ste eeu, en gaan dan histories na die Afrikaner se verhouding tot die internasionale toestand, Wes-Europa, die Britse ryk, die Afrikaanse vasteland en die vaderlandse bodem. Daarna ontleed hy "drie historiese foute" wat toe te skrywe was aan die "kortsigtigheid" van die voorvaders en wat verantwoordelik is vir die besondere posisie waarin die Afrikaner hom vandag bevind, nl. die stopsetting van immigrasie in 1706 (wat die geringe getal

Afrikaners verklaar), die sluiting deur die monopolistiese kompanje van alle beroepe vir die Afrikaner behalwe dié van boer (wat van hom 'n plattelander gemaak en geen stedebouer en handelaar of seevaarder nie en hom 'n ekonomiese agterstand by nie-Afrikaners in die 20ste eeu besorg het) en die gebruikmaking van Nie-Blanke arbeid in die 17e eeu en later (wat die Blanke se ekonomie op die pyler van Swart arbeid laat rus en Swartes na die stede laat stroom het) waaruit die rassevraagstuk te voorskyn gekom het. Scholtz is hier die historiese denker maar ook moralis. Vervolgens word die Afrikaner en sy lewensbeskouing, kultuur, politiek, ekonomie en sy "verproletarisering" behandel (verstedeliking) waarop volg die Afrikaner se verhouding tot die Brit, die Nie-Blanke se getalsterkte en "die weg na 'n toekoms". Dié is geleë in die bewuswording van sy omstandighede, studie, geloof, arbeid en eenheid. Nie sonder rede is die boek 'n paar keer herdruk nie. Politici het kwistig daarvan in hulle toesprake gebruik gemaak (meestal met verswyging van die bron).

Hierdie toekomsboek is opgevolg met *Die Gevaar uit die Ooste* (1957) wat slegs met één doel voor oë geskryf is, nl. "om die Afrikaner te help verlos uit die so noodlottige roes van selfvoldaanheid waarin hy bevange geraak het, sodat hy kan kennis neem van die omstandighede in die wêreld waarin sy kinders en sy volk hulle sal moet handhaaf". Ook hierin openbaar Scholtz sy wye visie op en kennis van die wêreldgeskiedenis en veral die besondere verhouding tussen die Ooste en die Weste wat die Afrikanervolk aan die suidpunt van Afrika in die lewe geroep het (deur die handel en seevaart), en hy dra die boek op "aan alle Afrikaners wat bereid is om hulle persoonlike opofferings vir die voortbestaan van hul volk te getroos". Hy rig hom teen die volk se idee van "blanke baasskap" en praat in onplesierige terme "van die lelike gedrog van 'n woord 'apartheid' ". Scholtz word hier 'n alarmis. Hy gaan na in breë trekke hoe dit gekom het dat die Weste in die afgelope paar eeue oor die Ooste kon seëvier. Dit het die posisie van die Afrikaners beveilig. In die verdere hoofstukke word die vraag bespreek in welke mate sekere faktore, waarvan ook die voortbestaan van die Afrikaanse volk tot dusverre afhanklik was, vandag nog geldend is en in welke mate die toekoms van hierdie volk beïnvloed word deur die groot veranderings wat ingetree het, veranderings wat die Westerse mag en oorheersing verswak en beëindig het, wat die Indiese Oseaan oopgestel het vir die bedreiging van die wriemelende massas van die Ooste waarin bykans die helfte van die mensdom vasgedruk is.

Die boek word afgesluit met 'n persoonlike "woord tot die Afrikaner" waarin hulle oppervlakkigheid, onkunde en onverskilligheid oor hul toekoms bespreek word. Dit gaan om die rassevraagstuk, die verdwyning van die Blanke heerskappy en die opkoms van die Nie-Blanke rasse gesteun deur die kommunisme. Gebrek aan kennis kan lei "tot die ondergang en verdwyning van ons volk". Scholtz vrees militêre geweld uit die Ooste teen Suid-Afrika en die opruiing van die miljoene Nie-Blankes in ons midde vanuit Afrika wat tot die einde van die Afrikaanse volk kan lei. Scholtz, die pragmatis, konkludeer: "Indien daar een les uit die geskiedenis te put is, dan is dit dat daar geen bestendigheid bestaan nie. Niks is staties nie (soos bv. Blanke baasskap). Alles verkeer in 'n voortdurende proses van verandering en om-

vorming" (p.193) ..... "Ek roep nou die geskiedenis van die ganse mensdom van die afgelope 6 000 jaar tot getuie dat die handhawing van hierdie houding (baasskap en geen politieke regte aan Nie-Blankes nie, hoewel van hulle arbeid gebruik gemaak word) die sekerste manier is om die ondergang en verdwyning van ons volk te bewerkstellig." Die oplossing? "Ons moet tot skeiding van gebied tussen Blank en Nie-Blank oorgaan, wat tot gevolg sal hê dat ons Blankes ..... dan verplig sal wees om ons eie arbeid te verrig." Aan die einde van sy "betoog" lees ons: "Indien ons Afrikaners as volk wil voortbestaan, sal ons ons onverskillige houding teenoor die groot rassevraagstuk in 'n wêreld wat elke dag gevaarliker word, onmiddellik moet laat vaar, anders word ons kinders en kindskinders binne afsienbare tyd deur die Nie-Blanke hordes van Asië en Afrika keelafgesny!" Scholtz het nie ingesien dat omstandighede sodanig kon verander dat die "gevaar" nie gematerialiseer het nie.

In hierdie stadium was Afrika nog nie as geheel onafhanklik nie. Die terugtog van die Blanke Westerse ryke het die gevaar uit die Swart Kontinent sterker op die voorgrond gebring. In 1964 (die boek is op 28 Desember 1962 voltooi) volg Scholtz se *'n Swart Suid-Afrika?*, wat ons op 7 April 1961 in *Die Stryd om die Wêreld* beloof is en saam met *Die Republiek van Suid-Afrika en die Nuwe Wêreld* 'n trilogie vorm, en wat met die oog op republiekwording geskryf is. In *'n Swart Suid-Afrika?* word "die vernaamste vraagstuk behandel, waarmee die Afrikaner binne die grense van sy land moet worstel", met die doel om hom ten volle bewus te maak "van die erns en omvang van die rassevraagstuk" en by hom die bereidheid te help wek "om dié stappe te doen wat sal lei tot die handhawing van die blanke ras en sy beskawing hier aan die suidpunt van Afrika". Die skrywer het jare lank 'n studie van dié vraagstuk in biblioteke en argiewe gemaak en die tydgenootlikheid daarvan met koerantuitknipsels ondersteun.

Die boek bevat historiese elemente maar is eietyds gerig. Die ontstaan en verspreiding van rasse word nagegaan om agtergrond te gee vir die samekoms op Suid-Afrikaanse bodem van Blank en Swart waaruit kontaksituasies en houdings voorgekom het, soos o.a. 'n gevoel by die Blankes teen bloedvermenging. Die afhanklikheid van Swart arbeid is een van die "tragedies" en "foute" van die geskiedenis. Nie-Blanke arbeid sien Scholtz as "die vloek" van die verlede. Ekonomiese integrasie en politieke segregasie was dinge wat teen mekaar indruis. Scholtz se relaas van die verhouding van Swart en Blank vanaf 1652 en sy eie tyd word 'n sosiale geskiedenis. Hy beantwoord die vraag waarom 'n oplossing nie in die verlede gevind kon word nie, waarom 'n oplossing van die rassevraagstuk noodsaaklik is en dui dan ten slotte die weg na 'n oplossing aan. Sou dié nie beproef word nie, is die kanse goed dat Suid-Afrika 'n Swartmansland kan word soos die res van die kontinent. Die Blanke sal sy onkunde en gemaksug moet prysgee en sy eie arbeid verrig as hy sy toekoms wil beveilig. In die tyd van krisis moet die Blankes 'n keuse doen en dié behoort konsekwente "skeiding" te wees. Die bewysvoerings is van so 'n aard dat die Blanke sal moet "wakkerskrik" indien hy vir hom 'n veilige toekoms wil verseker.

Pas na hierdie waarskuwende boek verskyn in 1965 Scholtz se *Die Bedreiging van die Liberalisme* met die doel "om die gemiddelde Afrikaner,

wat tans in 'n diepe slaap verkeer, te help wakkerskud, sodat hy kan besef dat daar 'n groot gevaar is wat hom, sy kinders en sy volk bedreig. Hierdie gevaar is die liberalisme wat, soos in hierdie kort studiewerk aangetoon word, die saak van die kommunisme bevorder." Die liberalisme is soos 'n geestelike wurm wat "die Afrikaner" se toekoms van binne in gevaar stel en die bedreiging deur hierdie vyand kan slegs teëgegaan word indien "die Afrikaner" oor die nodige kennis beskik. Weer word die geskiedenis ingespan om die ontstaan van die liberalisme en sy koms na en ontwikkeling in Suid-Afrika in vier fases te beskryf en te verklaar. Hier word die geskiedenis van 'n idee nagegaan en sy draers uitgewys. Sy verloop strek oor die tydperk van die sendelinge tot 1854, dié van die Kaapse politici vanaf 1854 tot 1929, dan volg die tydperk van die Hofmeyr-liberalisme tot 1948 en daarna die tydperk van die gevaarlike, radikale liberalisme sowel buite as binne Suid-Afrika. Daar word op die bedreiging van die liberalisme gewys, die seëviering waarvan in Suid-Afrika tot "die ondergang van die Afrikaanse volk" kan lei.

Die laaste werk, *Die Afrikaner en die See,* wat onder hierdie afdeling genoem word, is van meer positiewe aard en getuig van Scholtz se deernis met die toekoms van die Afrikaner: "Die groot wêreldgebeure waarmee die toekoms en die voortbestaan van sy volk vandag intiem saamgeweef is," dwing die Afrikaner om met die gesig na die see te staan: hy moet soos sy voorvaders in Europa weer seeman word, 'n eie vloot moet opgebou word wat die land ekonomies en militêr sal dien en daarin moet die Afrikaner 'n leidende aandeel neem — dié oortuiging wil Scholtz by hom tuisbring. Hy gaan egter in op hoe dit gekom het dat die Afrikanervolk van die see vervreemd geraak het, die see wat sy geskiedenis beïnvloed het sonder dat hy daarvan bewus was. Die skrywer maak die volgende stelling: "Indien daar een aangeleentheid is waaroor 'n mens die Afrikaanse historici kwalik kan neem, dan is dit dat hulle in die verlede nooit enige poging aangewend het om te bepaal wat die invloed van seemag op die lotgevalle van hul volk was nie." Dit kan die vertrekpunt word vir verdere dissertasies. Scholtz gee self 'n kort skets as oplossing van die probleem en bring daarmee 'n nuwe historiese gesigspunt te voorskyn.

4

Onder die skrywe van al hierdie histories-aktuele of didaktiese werk het Scholtz voortgegaan om uitvoering te gee aan sy jeugideaal, nl. om die geskiedenis van die politieke denke van die Afrikaner (in ten minste tien bande) te boek te stel — 'n soort lewenstaak. Die eerste band, 1652—1806, wat op 26 Augustus 1965 voltooi is, het in 1967 verskyn, die tweede, 1806—1854, in 1970 en die derde, 1854—1881, in 1974. Tot op datum is die tydperk tot 1910 voltooi, wat Scholtz nou halfpad deur sy "lewenstaak" geneem het. Dis 'n breed opgesette werk, wat, hoewel die tema op die geskiedenis van die idees — politieke denke — afgespits is, tog veel wyer gaan in soverre dit veel klem op die historiese raamwerk in sy wording en wisseling lê waarbinne die idees uitgespreek en toegepas is. 'n Mens sou die werk ook binne die kader van die staatswetenskap kon bring, maar moet dit tipeer as 'n "grenswerk" wat op die grense tussen verskillende geesteswetenskappe lê. Dis 'n omvattende studie van die Afrikaner se historiese

ontwikkeling in sy verbande met die omgewing en ander volke, Wit en Swart. Dit beweeg op die terrein van die aardrykskunde, politiek, konstitusionele instellinge, regspleging, godsdiens, onderwys, sosiale verhoudinge, rassebetrekkinge, ekonomiese en maatskaplike toestande, militêre organisasie, geestelike toestande, kultuursituasies en -botsinge en kerklike verhoudings. So 'n omvattende werk oor "die verlede van die Afrikaanse volk", soos Scholtz dit self noem, het nog nooit tevore verskyn nie. Sy doel daarmee is "om die Afrikaanse volk van sy roeping bewus te maak".

Die werk berus op argivale navorsing en 'n wye kennis van die sekondêre literatuur wat weer eens 'n geweldige belesenheid toon en 'n vermoë om die gegewens te sintetiseer. Daarmee word baie takdissiplines van die geskiedenis en aanverwante vakke benut. Scholtz is 'n oorspronklike denker, eintlik die filosoof wat met konkrete feite hardop dink en 'n goedbeplande en gestruktureerde werk met besonder baie oorspronklike gesigspunte na vore bring. Hy sien nuwe verbande tussen bekende feite raak. Sy visie op die verlede sal nog baie vertrekpunte verskaf aan toekomstige studente.

Scholtz is met dié werke terug by sy histories-wetenskaplike werk. Dit bevat egter 'n pragmatiese inslag in soverre hy die oorsprong van sekere dinge van ons tyd in die verlede aantoon wat tot beter begrip lei vir die wording en bestaan van sekere verskynsels in die huidige samelewing. In sy werk worstel Scholtz om selfbegrip en insig. Dis nie dorre aaneenryging van opgediepte gegewens nie, maar op grond daarvan 'n lopende vertolking van die verlede van die Afrikanervolk soos dit deur verskeie faktore bepaal is, soos o.a. die Britse imperialisme en politieke en kultuurhouding van die Engelssprekende. Die werk is egter nie sonder leemtes nie. Op so 'n wye doek sal 'n mens enkele kwasstrepe mis, wat egter nie afbreuk doen aan die geheel nie. Waar bv. die Transvaalse Burgeroorlogperiode behandel word, bly die relaas te uiterlik en sien ons te weinig van die "politieke denke" en idees wat die strydendes beweeg het soos bv. "volk" versus "staat" — idees wat reeds gedurende die Groot Trek werksaam was en in 1860—64 heftig met mekaar gebots het.

In die eerste band toon Scholtz die ontstaan en wording aan van die Afrikanervolk teen die agtergrond van binne- en buitelandse gebeurtenisse. Die tyd onder Kompanjiesbewind word getipeer as "'n volk in wording", die tydperk 1806—1854 met die woorde "'n volk verweer hom" en die tydperk 1854—1881 met "'n volk word nasionaalbewus". Wat die eerste periode betref: Scholtz staan nie simpatiek teenoor die Kompanjiesbewind wat die Afrikaners in ekonomiese gekneldheid gehou en aan geestelike verwaarlosing prysgegee het nie. Sy beleid kan daarvoor verantwoordelik gehou word "dat die getalsterkte van die Afrikaanse volk vandag so gering is", sy ekonomie op Swart arbeid berus en dat hy nie 'n groter aandeel daaraan het nie. Hy toon die rol van die Calvinisme aan in die vormingsjare van die Afrikaners, soos o.a. 'n gevoel van roeping en die waardes van persoonlike en volksvryheid. 'n Faktor tot selfbehoud was die idee dat bloedvermenging verkeerd is. Met die koms van die Britte was die Afrikaners reeds 'n aparte volk met geestelike eenheid, liefde vir die vaderland en 'n gemeenskaplike verlede; het hulle hulself nie meer as Nederlanders beskou nie en 'n toene-

mende begeerte gehad om hulleself te bestuur; ook het hulle in die loop van die 18e eeu 'n eie lewensvorm of lewenstyl ontwikkel en 'n saamhorigheidsgevoel. Hoewel 'n aparte volk, was daar by hulle teen 1806 "nog nie volkome bewuswording" van hierdie feit nie.

Die tweede band, wat oor "'n volk in verweer" handel, is ook 'n breed opgesette boek van 615 bladsye. Dit bevat basies die stryd tussen twee lewensbeskouings, dié van die Britte en dié van die inheemse Afrikaners, 'n kultuurbotsing dus wat kulmineer in die Groot Trek. Dit plaas 'n deel van die Afrikaners wat swak toegerus was om 'n kultuurstryd teen die Brit met sy magtige taal, kultuur en ekonomie aan te knoop, buite die Kaaplandse angliserende invloede en daardeur het dit oorsaak daarvan geword dat die Afrikaanse volk nie verdwyn het nie. Wat ten gunste van sy behoud gewerk het, was dat hy die grootste Blanke groep was, en sy lewensbeskouing wat 'n skeidslyn tussen die Blanke en die Nie-Blanke heidene getrek het. Die Groot Trek was 'n "teruggryping na die Nederlandse bewind aan die Kaap". Die stigting van Boererepublieke — deur die wêreldgebeure begunstig — het hulle in die binneland in isolasie geplaas wat bygedra het tot die behoud van die Afrikaanse volk. Sonder dié republikeinse idee sou die R.S.A. nie in 1961 moontlik gewees het nie. Die Trek het egter ook tydelike negatiewe gevolge gehad, soos o.a. die "onnatuurlike verdeeldheid" tussen die Afrikaners: terwyl een deel vry en onafhanklik kon ontwikkel, was die agtergeblewe deel onder Britse gesag en ander angliserende invloede wat lewensbeskoulik tot vandag toe nog sy invloed laat gevoel. 'n Eie nasionale bewussyn het teen 1854 nog heeltemal ontbreek.

In die derde band word die ontwikkeling wat in 1880—81 op 'n nasionale bewussyn uitgeloop het, geskets. Afrikanernasionalisme ontstaan rondom die Eerste Vryheidsoorlog, wat weer eens 'n kulminasie was van die stryd tussen Boer en Brit en wat 'n nuwe Suid-Afrika te voorskyn gebring het. Scholtz toon aan dat tussen genoemde jare die Afrikaners geen politieke eenheid was nie. Individualisme het botgevier en in die Britse kolonies was die gevaar van verengelsing sterk. Die Britse imperialisme het 'n omvattende Afrikaanse nasionalisme laat ontwikkel wat Kapenaar, Vrystater, Nataller en Transvaler geestelik verenig het. 'n Gemeenskaplike bedreiging — politiek en kultureel — het hulle bymekaar gebring. Daar word uitgesien na Scholtz se verdere werk.

Hier moet nog *Generaals Hertzog en Smuts en die Britse Ryk,* wat in 1974 verskyn het, onder die aandag gebring word. Dit gee blyke van Scholtz se liefde vir die internasionale politiek. As republikeinse idealis het Scholtz alles wat die verhouding van Suid-Afrika tot Brittanje geraak het, vanuit die standpunt van 'n republiekheidsgesinde betrag. Die name van Smuts en Hertzog is onafskeidelik verbonde aan die gebeurtenisse wat die val en verdwyning van die Britse Ryk voorafgegaan het. Die verskille tussen die twee manne word lewens- en wêreldbeskoulik verantwoord, asook die agtergrond vir hulle siening van die posisie van Suid-Afrika binne die Britse Ryk. Dit was 'n holis teenoor 'n nasionalis; een is verwerp die ander aanvaar as een van die vernaamste skeppers van die Afrikaanse nasionalisme van die eerste helfte van die 20ste eeu. Scholtz skets die stryd om die vryheid tussen 1927 en 1939 en toon Smuts se triomf en nederlaag aan as "holistiese

imperialis" gedurende die tydperk 1939 tot 1950. Dit handel om 'n stuk eietydse konstitusionele en politieke geskiedenis wat op eerlike en oortuigende wyse uitgebeeld is en waarin die simpatie van die skrywer by Hertzog lê, maar hy toon aan dat ook dié nie sonder foute was nie.

5

Dit is ten slotte nodig om kortliks te wys op dr. Scholtz se opvatting van die geskiedenis. Dit behoort uit die bespreking van sy werk duidelik te wees dat hy 'n pragmatiese benadering tot sy vak het. Hy is bewus van sy standpunt, nl. dat hy 'n Afrikaner is wat hom in die tweede helfte van die 20ste eeu bevind en hom om dié rede nie volkome kan losmaak van die tyd en die omstandighede waarin hy leef nie. Die geskiedenis kan volgens Scholtz van nut vir die toekoms wees omdat die mens uit praktiese ervaring put en daardeur uit die verlede wil leer. Sonder kennis van die verlede kan hy nie klaarkom nie "en hoe groter sy kennis van die verlede is, des te beter is hy ook in staat om die vraagstukke waarmee hy op die verskillende terreine van die lewe te doen kry, te begryp en op te los", m.a.w. die verlede staan ook in diens van die hede. Samehang en oorsaak en gevolg moet tussen gebeurtenisse aangetoon word. Dit gaan nie net om die vasstelling van die "waarheid" nie, maar ook om die vasstelling van die "heersende idee" by die historiese figure, want wat hulle doen, word gedoen volgens 'n besondere opvatting en omdat 'n doel nagestreef word.

In teëstelling met die natuurwetenskappe is die wetenskap van die geskiedenis "onvas", vandaar die verskillende sienings van gebeurtenisse, die onopgeloste strydvrae en oneenstemmigheid van die historici oor die verlede. "Die gees van die mens", verklaar Scholtz, is nou eenmaal so saamgestel dat dit in die eerste plaas 'n bepaalde beeld van die verlede vorm en dat in die tweede plaas hierdie beeld nooit konstant bly nie. Daarom staan die geskiedeniswetenskap ook so na aan die lewe. Geestelik is die mens deel van die tyd en omstandighede waarin hy verkeer; namate die beeld wat die mens van die verlede het, verander, verander dit ook die siening van die geskiedenis. Die mens kan nooit volkome daarin slaag om hom los te maak van die tydsgees nie. Die omstandighede en tyd waarin die historikus hom bevind, bepaal ook sy siening van die verlede en hy vertolk dit in die lig daarvan. Die keuse van sy onderwerp, sy hantering van feite en gegewens en die vertolking wat hy daaraan gee, is alles subjektiewe uitings van die mensegees van die historikus.

Scholtz stel: "Die geroep wat veral van sekere kante kom dat daar 'n objektiewe geskiedskrywing moet wees, kan eenvoudig nooit verwesenlik word nie, omdat daar nie met die onomstootlike lewenswerklikhede rekening gehou word nie." Dit beteken nie dat die historikus bewustelik subjektief moet wees nie. Hy mag die waarheid nie onderdruk nie — dit is een van die vernaamste toetse in die grootheid van 'n historikus. Nooit mag daar opsetlike vervalsing van die beeld van die verlede wees nie. Die vernaamste taak van die historikus is die strewe na die waarheid.

Verder moet die historikus kennis neem van ander wetenskappe soos die argeologie, antropologie, poleontologie, biologie, geologie, astronomie, kosmologie en die natuurwetenskap. Daarsonder kan hy vandag die ingewik-

kelde verlede nie behoorlik begryp nie. Hierby kom dat die Suid-Afrikaanse geskiedenis in verband gebring moet word met die wêreldgebeure, by gebrek waaraan die Afrikaanse geskiedskrywing aan isolasie ly en aan parogialisme. Ten slotte moet die historikus ook 'n gevoel van geroepenheid openbaar. Hy moet voel dat hy deur die beoefening van die historiese wetenskap ook 'n taak het ten opsigte van die gemeenskap of die volk waarvan hy lid is. Die historikus moet hom nie net vir die geskiedenis ter wille van die geskiedenis self interesseer nie. Dit is 'n valse beginsel en wie dit verkondig, toon hoe uiters oppervlakkig en beperk sy blik op sake is. Die historikus is ook dienaar van die samelewing. Dis sy taak om vir die geslag waartoe hy behoort, die pad wat die vorige geslagte gevolg het, helder te verlig. Dit is die taak van die historikus om die verlede aan die hede te verbind, en dié is nodig omdat elke volk haas elke dag van sy bestaan met allerlei vraagstukke te doen kry waarmee daar alleen gehandel kan word indien daar 'n behoorlike kennis van die verlede is.

Scholtz het hierdie beginsels kon formuleer op grond van sy omgang met die verlede self. Dit vloei voort uit sy hele ouvre. Daarin is verwantskap met die opvattinge van Ranke, Huizinga, Geyl, Meinecke, Croce, Collingwood, Robinson, Becker en Beard. Scholtz se opvatting kan genoem word objektiewe relativisme in teëstelling met die historici wat vir hulleself die ideaal stel om "wetenskaplike" geskiedskrywing te beoefen ter wille van die wetenskaplikheid, en die verlede self, los van die hede. En dis uit dié rigting dat daar uit sommige akademiese kringe op die werk van Scholtz neergesien word. Daar bestaan ook 'n opvatting dat die navorser eers "alles" moet weet voordat hy kan skryf. Dit bly egter 'n onuitvoerbare ideaal. Scholtz skrywe sonder dat hy "alles" hoef te weet, in die wete dat ons kennis van 'n gebeurtenis onvolledig en relatief is. Daarom sal daar leemtes in sy werk wees, maar watter historikus se werk is volmaak? Scholtz besit dinamiek, gees, energie en krag en dit het hom gehelp op die pad na die mees produktiewe historikus in Suid-Afrika. Sy joernalistieke werk het bepaald sy metode en siening van die verlede beïnvloed. Sy skryfstyl is saaklik, nugter, eenvoudig en helder. Die woord "ek" word nie in sy tekste aangetref nie. Daar kan besware ingebring word teen sy skryfmetode, veral die baie, meestal onvertaalde, aanhalings wat sy standpunt of bewysvoering moet onderskraag, wat die indruk wek dat hy nie altyd sy beeld van binne-uit in eie bewoording giet nie. Dit bemoeilik soms die lees van sy werk, hoewel dit besonder sistematies is. Hy stel sy saak sterk met die nodige bewyse, maar van die teenoorgestelde standpunt sien ons soms te weinig.

Scholtz is egter 'n eerlike skrywer wat hom vergewis het van sy Afrikanernasionale standpunt en dan streef na die waarheid, of dit nou aangenaam is of nie, om byvoorbeeld te dink aan sy voorstelling van die Slagtersnekgebeure in die tweede deel van sy "Politieke Denke". Dat daar onbewuste subjektiewe elemente in Scholtz se werk is, sal hyself nie ontken nie, dat hy voor- of afkeure het, ook nie, soos byvoorbeeld teen Rusland en die kommunisme of die ideologie van die liberalisme. Sommige van sy boeke sal interessante tydsdokumente wees. Hy het egter ook werk gelewer wat die toets van die tyd sal deurstaan. Sy produksie is monumentaal. Oor Scholtz se lewe, denke en werk sal nog baie navorsing gedoen en geskrywe word.